
**Ks1-001**
Kerkstraat tussen Potgieter- en Schubartstraat.    **Kaart 1879**

Foto Bron:  K-1879

Hierdie is ‘n gedeelte van die kaart wat in 1879 deur die Intelligence Branch van die Royal Engineers geteken is.  Dit is ‘n vryhandskets en is nie baie akkuraat nie,  maar gee tog ‘n beeld van die geboue in Pretoria in 1879.



Volgens die kaart was die noordekant van die straat, waar die Krugerhuis vandag is,  nog heeltemal onbeboud.  Die snaakse sirkeltjies op die kaart stel plante voor.  Aan die suidekant van Kerkstraat sien ons dat die eerste kerk van die Gereformeerde Gemeente reeds gebou is.  Die lang gebou aan die suidekant van die kerk was heel moontlik stalle.  Baie mense het nie self stalle gehad nie en het betaal om hul perde te laat versorg.

Dit word deur meeste navorsers aanvaar dat Paul Kruger in 1878 toe reeds daar ‘n huis gehad het.  Die huidige Krugerhuis is natuurlik nie die eerste huis wat hy in Pretoria besit het nie.  Paul Kruger het eers gewoon op die erf  oos van die Krugerhuis.  [Rex-2  p24]

In 1868 koop Paul Kruger ‘n erf net oos van die huidige Krugerhuis uit die boedel van Lucas Bronkhorst vir 12 pond.  [Volgens Du Toit se opmeting was dit erf nommer 308, en volgens ‘n latere opmeting erf nommer 309]
Hy het dit tot 1875, toe hy dit vir 16 pond verkoop het, besit en dit is byna seker dat daar toe ‘n huis op was wat moontlik vir ‘n tydlank deur Kruger bewoon is.
Die van blok van 12 erwe aan die noordekant van die straat was eers in besit was van M.W. Pretorius.  Die eerste landdros van Pretoria, Andries du Toit, skryf

in ‘n brief op 6 Maart 1875 hoedat Pretorius in 1868 aan Lucas Bronkhorst in ruil vir ander grond 12 erwe gegee het “gelegen voor Postmas Kerk, de blok waar Heer Krugers gebouw op staat;” Volgens die brief moes Kruger dus ‘n woonhuis gehad het net ten ooste van die huidige Krugerhuis en dit is na alle waarskynlikheid die huis wat Potgieter in 1868 vir hom gebou het. Hy het dit in 1875 aan Moritz Diedrich verkoop en dit het in 1888 in besit gekom van Ignatius Ferreira [Pr-79 p25]. Dit kan beskou word as die eerste Krugerhuis in Pretoria.

**Bibliografie**

All-01 Allen, Vivien **Kruger's Pretoria**. 1971 A.A. Balkema. Kaapstad

Bol-01 Bolsmann, Eric **Pretoira Artist's Impressions 1857-2001**. 2001 Protea Boekhuis

Cha-01 Changuion, L. **Fotobiografie: Paul Kruger in Beeld**. 1973 Perskor Uitgewery

Dun-01 Lola Dunston **Young Pretoria 1889-1913**. Lola Dunston Pretoria 1975

Eng-01 Engelbreght, S.P. [Dr.] **Eeufees-Album. Pretoria se eerste eeu**. J.L. van Schaik Beperk., Pretoria 1952

K-1879 **Compass Sketch Map of Pretoria, Transvaal**. Compiled in Royal Engineer' Office, Pretoria. 14.11.1879

K-1889 **Van Vooren, J. en Oerder, J.H.**: Kaart van Pretoria Z.A.R. (Schaal 400 Kaapsche [Rijnl.] voet = 1 Eng. dm) 1889.

K-1899 **Donaldson & Hill's** New Map of the City of Pretoria and Subburbs. Compiled by D. Seccadanari, Engineer and Carthographer. Revised to Oct. 1904. (Scale 600 Cape feet = 1 inch)

Lon-01 Longland **Longland's Pretoria Directory.** 1899

Mei-01 Meiring, Hannes **Pretoria 125** Human & Rousseau. Kaapstad 1981

Pr-025 Fitzsimons, V. A **short History of the Kruger House Musuem, Pretoria.** Pretoriana Nommer 25 [Desember] 1957

PR-079 **Die Krugerhuis** Pretoriana Nommer 79 [Junie] 1980

PR-109 De Jong, C. **Die Paul Kruger-Kerk 100 jaar.** Pretoriana Nommer 109 [Desember] 1996

Rex-02 Rex, H.M. [Dr] **Besienswaardighede in Pretoria**. Ongepubliseerde werk. Herv. Kerk Argiewe 1975

The-02 Theron, Bridget **Pretoria at War**. 2000 Protea Boekhuis